EFFICIENT GROUP

DAWIE SE NOTAS

- Dawie Roodt

26 Julie 2020

'N ODE AAN 'N BEDREIGDE SPESIE

"Die enigste ding wat nodig is dat boosheid oorwin, is dat goeie mense niks doen nie."

Dit is die immergroen waarskuwing deur die 18de-eeuse Ierse politieke filosoof en staatsman Edmund Burke, wat allerweë beskou word as die vader van moderne konserwatisme.

Minder bekend is sy uitlating oor die verskil tussen die tempo's waarin goed en kwaad geskied. *"Wanneer dit kom by ons goeie dade," skryf Burke, "is ons in die algemeen koud, traag en lui... Maar die dade van kwaadwilligheid en onreg verloop in 'n heel ander styl. Dit word (aangepak en) afgehandel met 'n fors, skaamtelose en meesterlike hand; gedryf deur die gees van die driftige passies wat ons energie ontlok (en aanvuur) wanneer ons onderdruk..."*

Meer as twee eeue nadat Burke hierdie uitlatings gemaak het, versmelt sy stellings in 'n tragi-ironiese weerspieëling van die stand van die SAL-debakel ná dekades van wanbestuur. Die ironie (én die tragedie) is, die goeie mense was altyd dáár – van die grondpersoneel en kajuitbemanning tot die vlieëniers. En, vertel 'n senior lugwaardin my onlangs, hulle sê en doen reeds jare lank alles in hul vermoë om korrupsie en ondergang die stryd aan te sê, maar niemand luister, reageer of gee om nie.

Dis teleurstellend, maar nie verbasend nie. Want niks en niemand met 'n positiewe agenda is skynbaar bestand teen die supersoniese spoed van staatskaping en die ononderbroke stroom van fiskale ekskresie, korrupsie, onvergeeflike onkunde en ongebreidelde arrogansie by monde en hande van onetiese leiers in die liga van Dudu Myeni nie.

Probeer, vertel die ou spreekwoord ons, is die beste geweer. Maar in die geval van die SAL is reddingspoging ná reddingspoging in die voet geskiet met dieselfde meesterlike hand, gedryf deur dieselfde fiasko van faktore wat besig is om ander staatsbeheerde instellings tot stilstand te dwing.

Vandag wil ek vir 'n oomblik my klaagliedere oor korrupsie agterweë laat om hulde te bring aan die SAL se helde en heldinne, by uitstek die moedige stryders agter die lugdiens se verenigings vir vlieëniers (Saapa) en kajuitbemanning (Sacca) wat, laat ons nou maar eerlik wees, genoeg rede het om ineen te stort, maar wat gewoon weier om te gaan lê – nie net om hul eie onthalwe nie, maar namens elke SAL-werknemer op die grond en in die lug wat, deur geen toedoen van hul eie, die risiko loop om hul werk en baie meer te verloor.

Waar die lugdiens nou feitlik letterlik staan, is waarskynlik 'n verloor-verloor-situasie. Of die SAL oorleef of nie, die wrang nadraai van Myeni en kie se flagrante en dom→astrante verontagsaming van reg en orde sal nog lank in ons hart en op ons belastingstate huiwer. Sy en haar direkte hanteerders was geensins stemme roepende in die soustrein-woestyn nie. Talle het hierdie vergrype gadegeslaan sonder om 'n vinger te lig. Van vingers gepraat, in hierdie opsig staan een naam soos 'n seer vinger uit: Pravin Gordhan, destyds se minister van finansies en deesdae se minister belas met die SAL. Hy en nog vele het direk en indirek bygedra tot die neerstort van 'n lugdiens wat eens 'n trotse simbool van 'n suksesvolle land was.

Net soos Myeni nie alleen was in haar verwoesting nie, is die SAL se goeie stryders nie geïsoleer in hul toewyding nie.

EFFICIENT GROUP

DAWIE SE NOTAS

- Dawie Roodt

26 Julie 2020

Onbaatsugtige onderwysers, nie-korrupte polisielede en produktiewe staatsamptenare oor ons land heen probeer nog red wat onredbaar is. Hulle is dáár, maar hulle word al hoe minder.

Onvermydelik, in feitlik perfekte samewerking met eerbiedwaardige staatsamptenare wat die een ná die ander deur 'n vernietigende regering onder die bus gegooi word, misluk die een instelling ná die ander en elkeen van ons betaal 'n oneindig duur prys.

Maar genoeg gewroeg.

Hier en nou eer ek elke erkende en miskende staatsamptenaar wat nog die goeie stryd stry.

Dawie Roodt
Hoofekonoom van Efficient Group
dawieroodt@efgroup.co.za